BEROEPENUUS– (1 Sept. 2013)
Beroepe ontvang
Ds. JG Noëth van Kimberley na Totiusdal met spesiale opdrag onderwys
Beroepe aanvaar
Prop JFK Mulder na Amanzimtoti/ Durban kombinasie
Beroepe bedank
Ds. P Cilliers van Daniëlskuil/Delportshoop na Krugersdorp-Wes

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennis-gewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U– J.A. Breytenbach– *vervolg van verlede week*
Aan die ander kant, kan hierdie beskouing soms ander kerke (sogenaamde kerkgenootskappe) as ware kerke erken, as die tekens ook daar gevind word. Dit gaan egter selfs verder. Waar almal in Christus glo (hierdie "glo" kan verskillende omvanghê, maar het dikwels nie die gereformeerde belydenis as inhoud nie) is daar erkenning van broeders en susters en is toenadering en samewerking moontlik. Dit bring of 'n subjektivistiese vroomheid, of die moderne ekumeniese wydheid mee. Die geloof in Christus, sien ons dan, word dikwels verskraal tot die leer van verlossing of tot wat kerkpolities korrek is. *Word vervolg*

Vandag – Marius Coertze 0820578400	04/09– Maryna Theunissen 0836555336
Vandag – Dawie de Bruin 0832593772	*05/09– Louw Aucamp* *0823242697*
Vandag – Koos van der Linde 0726915555	05/09– Ria Fanoy 0826517100
02/09– Elsa Burger 0824945027	05/09– Christie Olivier 0829257292
02/09– Carolien Lagerwey 0123300993	06/09– Annetjie Engelbrecht 0827055043
02/09– Andrike von Stade 0840462355	06/09– Tjaart Henning 0123217107
04/09– Dries de Ridder *0825307844*	07/09– Jan Fanoy 0836419742
04/09– Heila Jansen van Rensburg 0727306953	07/09– Nieke Pelser 0833905363
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk m met u verjaarsdag

Vir die man wat sonder hoop is, is daar min hoop– CJ Langenhoven

Die Krugertjie

01 September 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Rigters 4:11-24
Teks: Rigters 5:24
Sing: Ps. 68:1,4; Ps. 19:3,5; Ps. 119:63; Ps. 77:3,6

TENTPEN EN HAMER

Jael doen iets wreed, uitsonderlik wreed. Ja, daar is Skrifverklaarders wat met afgryse hierna kyk en selfs haar veroordeel. 'n Skending van gasvryheid.

Tog moet ons nie na ander mense luister maar na die Here Self. In die woorde van die profetes Debora in hfst. 5 word hierdie daad van Jael met gloeiende waardering beskryf. ***26*** *Haar hand steek sy uit na die tentpen en haar regterhand na die werksman se hamer; en sy hamer Sísera, verpletter sy kop en verbrysel en deurboor die slaap van sy hoof.* Debora, die vroue-profeet het haar gesien vir wat sy was. Getrou, ja Jael is streng gesproke nie uit Israel, van Israel, aan Israel iets verskuldig nie, maar haar lot het sy by die kinders van Israel gesit.

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS–
Skriflesing: Job 42
Teks: Job 42:3
Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 1 en 2
Sing: Ps. 19:1,2; Ps. 119:22; Ps. 148:5

GOD IS WERKLIK

Die Russiese volk het 'n spreekwoord wat sê liefde kan net so min weggesteek word as wat ek my hoes kan wegsteek. Dit kom uit. Dit wat die hart van vol is loop die mond van oor.

Ons glo met die hart en bely met die mond het ons in art 1 gesê. Ons kleine verstand kan die oneindige God nie omvat nie.

Job 11:**7** *Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?* Of Job 26:14- *Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan?* Job 36:26- *Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons; die getal van sy jare is onnaspeurlik*.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 12 en 14
Ouderlinge: Boere Smit en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster

Volgende Sondag (08/09) – Wyke 16 en 17
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Oudl Jan Fanoy is tuis na sy operasie. Dit gaan met hom goed en ons bid hom volle herstel toe. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Br. Kallie Tromp** word na sy gesondheidterugslae volle herstel toegebid. Na groot terugslae is hy van Kalafong weer na Weskoppies. **Br Piet van der Kooi** se gesondheid is nie goed nie. Hulle het verskuif na Fleurenville, waar hy nou tuis versorg word. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br Dries de Ridder** is ons dankbaar om van wonderlike beterskap te hoor. Ons bid dat dit so mag voortduur. **Br Lemmie v/d Linde,** van Upington het tye terugslae in sy gesondheid wat met asbestose verband hou. Ons vertrou dat die Here hom in sulke dae krag mag gee. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. . **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband amper sy R82000 kerf bereik Ons poog om 'n verdere R50 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië. n Voertuig is dringend noodsaaklik. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. http://bit.ly/105wmGY
As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens**	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Instand-houding
08/09/2013 **1ste diens**	DVB	Christelike onderwys
2de diens	DVB	Instand-houding

Spes.-kollektes in die vooruitsig gestel

Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

MEINTJESKOP-GHOLFDAG

Volle besonderhede op kennisgewingbord aangebring.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 5:10-12

Loon

Oor "loon" hoor mens weer in Matt 5:19, dat die wat hier die minste is, groot sal wees in die Koninkryk en in Hfst 6:1 van die wat geen loon by die Vader in die hemele sal ontvang nie. In 6:1,16 word gewaarsku dat sommiges reeds hulle loon weg het [in aardse sin]. *6:4 stel daarteenoor dat die Vader wat in die verborgene sien, in die openbaar sal vergeld. Lees ook Kol 3:23,24; Hebr 10:35; 11:6,26.*

Dit praat van die oordeelsdag ! In Matt 16:27; 2 Kor 5:10; Openb 2:23; 22:12 lees ons ook van die vergelding volgens dade/werke.

Is die Roomse [en andere] *se werkheiligheid dan nie in lyn hiermee nie ? Ons moet oppas om in reaksie teen hulle leer nie by `n ander uiterste uit te kom nie. Art 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis praat van "genadige vergelding." Dit is `n* ***genade****loon.*

Hierdie genadeloon is nie dieselfde as die ewige lewe nie. Laasgenoemde ontvang alle gelowiges. Die loon ontvang elkeen, na mate. Dit is vir elkeen verskillend. Dit kom ***by*** *die gawe van die Koninkryk. Abraham Kuyper het eerder gepraat van "beloning" as "loon", om die gedagte van betaling te vermy. Dit is soos `n bediende van `n huis wat sy loon verdien, maar `n kind van die huis doen eenvoudig wat die ouers sê, sonder `n loongedagte. Kry hy wel iets, het dit niks met loon te doen nie.*

God deel na Sy vrymag uit. Tog spoor Hy ons aan. Christus het vir die vreugde wat Hom [na Sy mensheid] voorgehou is, die kruis verdra en die skande verag (Hebr 12:2). So mag ons ook met die oog op `n genadeloon nie verswak nie.

Omdat julle loon groot is in die hemele - `n *Genade*loon, nie `n verdienste nie. "Groot" – omdat dit alle aardse verwagtinge sal oorskadu. Die Christene sal waardige opvolgers wees van die profete, wat ook vervolg was. Daar is `n geestelike verwantskap met die geloofshelde in die Ou Bedeling. Die vervolging en belediging is steeds `n aanwysing vir die wat nie dwaal nie.

Koninkryk – daar sal al die verliese wat gely is in die aardse lewe, vergeet word.

Verbly en verheug – Disulfide kragtige woorde vir blydskap word deur Jesus gebruik, as wat daar gaan wees by die Bruilofsmaal van die Lam (Openb 19:7). Petrus en Johannes ervaar later ook hierdie blydskap nadat die Joodse raad hulle laat slaan het (Hand 5:41). Dit is `n blydskap wat selfs die vervolging sal versag.

5:13-16 is `n skakel tussen die saligsprekinge en wat hierna gaan volg.

5:13: Getuienis vir die Waarheid (sout wat behou) staan direk in verband met die rede vir die vervolging, wat Jesus net hiervoor genoem het. Die uitlewe van die Evangelie en getuienis daaroor moet soos `n smaak deurwerk waar mens lewe. Dit is oor die getuie-nis dat die vervolging plaasvind.

5:14-16, Lig – Verbind hierdie woorde met Joh 1:7-9 en 8:12, waar Jesus die Lig van die wêreld genoem word. Gelowiges weerkaats die lig wat hulle ontvang na die wêreld toe (Ef 5:8; Fil 2:15).

5:16, Laat julle lig skyn – *In Matt 9:13 lees ons dat God barmhartigheid meer ag as offerande. Teenoor die Fariseërs met hulle feeste, vaste en tiendes stel Hy dat jou godsdiens deur jou* ***lewe*** *verkondig word. Dit is sigbaar. In vraag 87 van die Kategismus word gepraat van die naaste wat deur jou lewe* gewin *kan word. Dan praat Matt 5:16 , 1 Petr 3:1 en Jak 5:19,20 van die "nie-amptelike" win: deur jou lewe. Daar is ook "amptelike" win, wat kom deur die Kerk in dienste, verkondiging en Sakrament.*

Totius het in sy geskrif oor Metodisme gestel dat hierdie en ander tekste niks te doen het met die soort "siele win" van daardie mense nie. `n Verkeerde klem word deur hulle geplaas [deur hulle goeie-werke-saligheid idee. Klem val op wat van die mens uitgaan, en nie van wat groei uit gehoorsaamheid aan Christus nie].

Goeie werke . . . verheerlik: Die liefdevolle nalewe van die Wet, dus gehoorsaamheid aan God, word nie bedoel as selfverheerliking soos by die Fariseërs nie(Vgl 6:1-18). Hierdie selfvleiende humanisme vind mens bv by die Vrymesselary en internasionale diensorganisasies.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

30 Aug. 1864– Siener van Rensburg gebore; *1 Sept. 1900*– Brittanje annekseer Transvaal; *2 Sept. 1814*– Dirk van der Hoff gebore; *3 Sept. 1811*– Karel Trichardt gebore; *3 Sept. 1880*– Ds. Daniel Lindley oorlede ;*3 Sept 1900*– OVS geannekseer; *5 Sept. 1900*– Kmdt. Danie Theron sneuwel; *6 Sept. 1966*– Dr. HF Verwoerd vermoor; *7 Sept. 1801*– Sarel Cilliers Voortrekkerleier gebore; *7 Sept. 1975*– Miemie Rothman (MER) oorlede; *8 Sept. 1916*– Hendrina Joubert egg van genl. Piet Joubert oorlede; *8 Sept. 1901*– Dr. HF Verwoerd gebore; *11 Sept. 1900*– Pres Paul Kruger verlaat SA finaal; *12 Sept. 1950*– Genl. J.C. Smuts oorlede; *15 Sept. 1914*– Genl. JH de la Rey doodgeskiet; *17 Sept. 1819*– Pres MW Pretorius gebore ; *19 Sept. 1933*– Ingrid Jonker gebore; *21 Sept. 1912*– Prof. Jan Lion Cachet oorlede*; 22 Sept. 1948*– Paul Roos oorlede; *23 Sept. 1869*– Genl. Christiaan Beyers gebore; *22 Sept. 1950*– SASOL geregistreer; *27 Sept. 1830*– Hendrina Joubert gebore; 30 Sept. 1931– Voortrekker-beweging gestig